# GRAANBEMARKING EN GRAANBEMARKINGSTRUKTURE: 'N PRODUSENTESTANDPUNT


## C. F. le Clus, Hoof, Navorsing & Ontwikkeling, Nampo


Die bemarkingsproses van 'n graan soos mielies bestaan uit 'n hele aantal stappe, oftewel bemarkingsfunksies, soos versameling, gradering, opberging en distribusie. Die prys(e) van die produk moet dan ook in beide plek en tyd oor die hele verloop van die bemarkingsproses gevorm word. Hierdie pryse kan in die een uiterste in 'n vryemark suiwer deur die werking van vraag en aanbod gevorm word, of in die ander uiterste deur die staat op eie oorweging vasgestel word. In die praktyk word normaalweg tussen hierdie pole beweeg, afhangend daarvan of die staat, of die privaatsektor, die funksies verrig. Pryse wat deur die staat vasgestel word, hang ook af van die mate waarin die staat politieke doelwitte eerder as markdoelwitte in sy prysbeleid nastreef. Die vraag is watter tipe graanbemarking en -prysvorming in Suid-Afrika die beste resultate sal lewer.

Teoreties sal pryse in 'n vrye mark volmaak gevorm word indien, maar slegs indien, daar volmaakte mededinging tussen kopers en verkopers bestaan, en die teorie stel spesifieke voorwaardes vir sodanige volmaakte mededinging, naamlik:

* Daar moet genoeg kopers en verkopers wees sodat geen individue of groep die pryse wat gevorm word, kan manipuleer nie;
* alle kopers en verkopers moet vrye toegang tot die mark hê;
* alle kopers en verkopers moet volledige kennis oor vraag, aanbod en pryse hê;
* produkte moet behoorlik gegradeer wees, en
* produksiemiddele moet volmaak mobiel wees om onmiddelik tussen produksiegeleenthede te kan vloei.

Sulke mededinging is in die praktyk uiteraard nie moontlik nie, maar netso volg dit ook dat vrye mededinging beslis nie aan volmaakte mededinging gelyk is nie en nie noodwendig goeie pryse vir die produsente, of die finale verbruikers, sal vorm nie. Trouens, daar is 'n wesentlike risiko dat die mark dan deur enkele groot kopers tot eie voordeel gemanipuleer sal word. Verder is 'n relatief klein produksie- en verbruiksland soos Suid-Afrika ook blootgestel aan die manipulasie van prys- en bemarkingsreëlings in die groter lande. In werklikheid is daar, om pertinente redes, nêrens in die ontwikkelde wêreld 'n ongebreidelde vrye mark vir graan nie en is die vraag oor die algemeen nie óf die staat in die graanmark moet inmeng of nie, maar bloot in watter mate die staat moet inmeng.

Uit voorbeelde van graanbemarkingstelsels in die ontwikkelde westerse lande is daar basies drie hoof benaderingsrigtings, naamlik 'n vryemark/graanbeursbenadering, 'n vloerprysbenadering en 'n eenkanaalstelselbenadering. Hoewel daar verskeie variasies van hierdie hoofbenaderings bestaan, kan die praktiese werking daarvan tog kortliks teen mekaar opgeweeg word.

## Vrye Mark/Graanbeursstelsel

Die vryemarkbenadering is 'n voortvloeisel van die markstrukture wat sedert die vroegste eeue ontwikkel is. Namate volumes in die destydse markte toegeneem het, is veilingstelsels ontwikkel om pryse te vorm. Namate ook vervoer- en kommunikasiestelsels ontwikkel het, het die markte in die groter sentra gesentreer en het die markte en die markreëls wat die veilingstelsels onderlê het, meer

gesofistikeerd geraak.

Weens die inherente aard van landbouprodukte het die markte vir sulke produkte, en spesifiek ook graan, in termynmarkte ontwikkel waar kontrakte om 'n bepaalde hoeveelheid produk van 'n bepaalde graad op 'n bepaalde plek en tyd te ontvang of te lewer, verhandel word. Aangesien sulke termynmarkte kontrakte eerder as produkte verhandel, het dit goeie geleenthede vir spekulante geskep. Hierdeur is markvolumes tot voordeel van die produsente en verbruikers verhoog, maar is verdere reëls en regulasies genoodsaak om die nadelige gevolge van ongebreidelde spekulasie te negeer.

Die grootste termynmark vir mielies in die wêreld is die Chicago-graanbeurs in die VSA, en die hele internasionale mark vir mielies is tans daarop gebou. Hoewel hierdie en ander termynmarkte private ondernemings met eie reëls en regulasies is, en hoewel die VSA 'n baie sterk voorstander van vrye mededinging is, het die VSA-regering dit nogtans nodig gevind om 'n statutêre liggaam, die *Commodity Futures Trading Commission*, in te stel om die optredes van al die termynmarkte in die VSA te monitor en, waar nodig, spesifieke regulasies in te stel.

Die vernaamste voordele van 'n termynmarkstelsel is dat die markmanipulasie deur samespanning uitskakel, en terselfdertyd aan produsente en verbruikers 'n geleentheid gee om hulle tot sowat twaalf maande vooruit teen prysrisiko's te verskans. Die stelsel het egter ook bepaalde nadele, naamlik:

* Pryse wissel daagliks en kan oor die kort termyn weens veral (toevallige) klimaatvariasies groot skommelinge toon. Hierdeur word prysrisiko's geskep wat bykomende koste vir die kopers en verkopers meebring.

* Dit verg 'n wye spektrum van makelaars en markontleders om die kopers en verkopers met markadvies te bedien. Dit verg ook 'n wye omvang van markinligting om markmededinging te verbeter. Die koste van hierdie ondersteunende dienste moet uiteindelik in die markplek verhaal word.

* Dit verg sekondêre markstrukture vir ander bemarkingsfunksies (soos byvoorbeeld vervoer), elk met sy eie ondersteunende onderbou van inligting, ontleders en makelaars.

* Graanbeurse kan slegs suksesvol bedryf word as daar voldoende markdeelname is om die nodige markvolumes en likiditeit te skep.

Die grootste probleem, soos in die VSA ondervind, is ongetwyfeld die groot kort termynprysfluktuasies, en daarom het die VSA-regering dit nodig gevind om 'n stelsel van vloer- en plafonpryse in te stel om dit te probeer verminder. Wanneer pryse onder 'n sekere vlak daal, koop die regering mielies in, en wanneer pryse bo 'n sekere vlak styg, verkoop die regering mielies. Ten einde egter sy belegging in voorrade binne redelike perke te probeer hou, het die regering dit ook nodig gevind om terselfdertyd grootskaalse produksiebeheerprogramme te bedryf - programme wat aan produsente pryswaarborge in ruil vir deelname bied. Dié programme word in die politieke arena gevorm en het intussen 'n belangrike politieke speelbal geword.

Die totale koste van die mielieprysprogramme in die VSA het in 1987 sowat $7600 miljoen beloop, oftewel $278 per hektaar mielies geplant. Die Amerikaanse regering het sodoende een van die belangrike faktore in die mark vir mielies geword en van 'n vrye mark vir mielies in die VSA is daar lank reeds geen sprake meer nie. Bo-en-behalwe markmanipulasie en die hoë koste daarvan, is die boekstawing van die staat se landbouprogramme so lywig en ingewikkeld dat 'n nuwe geslag adviseurs na vore getree het om produsente te adviseer oor hoe om die programme die beste te benut.

## Vloerprysstelsel

In 'n vloerprysbenadering word 'n vloerprys deur die staat of statutêre raad in stand gehou. Die vloerprys is die prys waarteen die produk wat nie deur die mark opgeneem word nie, deur die staat of raad ingekoop word en sodoende vorm dit die minimum prys in die mark. Vrae wat met so 'n benadering na vore kom, is eerstens op watter vlak die vloerprys gestel moet word, en tweedens, wat die staat

of raad met die produk moet maak wat onder die stelsel ingekoop is.

Ontledings van verskeie vloerprysstelsels toon:

a) Die vlak van die vloerprys is dikwels 'n politieke besluit en markkragte kan slegs bo daardie vlak in werking tree.

b) Prysvariasies kan verminder word deur voorrade wat onder die vloerprys ingekoop is, weer teen bepaalde pryse in die mark aan te bied.

c) Die mate waartoe prysvariasies verlig kan word, hang af van hoeveel voorraad die staat of raad bereid is om in te koop en hoe lank die staat of raad bereid is om dit te dra. Uiteindelik hang dit van fondse af. In die RSA steun die vloerprysstelsel vir graansorghum op die prys-effek van die eenkanaalstelsel vir mielies; in lande soos die VSA verg vloerprysstelsels normaalweg grootskaalse staatsubsidies om enigsins doeltreffend te wees.

d) Die stelsel kan goeie resultate lewer in enige gegewe jaar waarin die vraag na, en aanbod van, die produk in redelike balans is en die stelsel dan hoofsaaklik aangewend word om tussenseisoense prysverskille uit te stryk. Wanneer daar egter oor- of onderproduksie is, sal die pryse sonder staatsbystand vinnig na uit- of invoerpariteit neig.

Die VSA wou met sy graanprogramme aanvanklik bloot 'n vloerprysstelsel bedryf het, maar is redelik gou deur praktiese realiteite verplig om sy stelsel tot die huidige ingewikkelde stel van programme uit te brei.

## Eenkanaalstelsel

Die eenkanaalstelsel is in beginsel 'n direkte teenstelling tot die vrye mark graanbeurstipe benadering en behels kortliks dat produsente hul produk slegs aan, of deur bemiddeling van, 'n statutêre raad mag verkoop, en dié raad dan die enigste (of primêre) verkoper van die produk is.

Eenkanaalstelsels vir mielies en/of koring word in verskeie westerse lande bedryf, soos byvoorbeeld in die RSA, Kanada en Australië. Die vernaamste **voordele** van die stelsel is:

a) Kort termyn-prysfluktuasies en prysrisiko's weens toevallige goeie- of swak oeste word vir sowel produsente as verbruikers uitgeskakel.

b) Die nodigheid vir 'n omvattende onderbou van sekondêre markte, makelaars, markontleders en markinligters word verminder en derhalwe ook die koste daaraan verbonde.

c) Voorraadmanipulasie deur die vrye handel (byvoorbeeld oppotting in skaars tye) verval en beheer oor en distribusie van voorrade word vergemaklik - 'n belangrike voordeel by strategiese produkte.

d) Gesamentlike uitvoerbemarking kan markte met liggings- en kwaliteitvoordele beter ontgin.

e) Die betrokke bemarkingsinstansie is in 'n redelike gunstige posisie om die binnelandse mark binne perke teen ontwrigtende internasionale mededinging te beskerm.

f) Vir sover die stelsel aangewend word om prysfluktuasies te verminder, is dit 'n veel goedkoper instrument as 'n voorraadbeleid met vloer- en plafonpryse.

Die stelsel het egter ook pertinente **nadele**, naamlik:

a) Dit plaas die onus op die staat of statutêre liggaam om pryse en markseine te simuleer en verantwoordelikheid te aanvaar vir die resultate wat daaruit voorspruit.

b) Dit demp die privaatsektor se bemarkingsinsentiewe en plaas daardeur 'n besondere bemarkingstaak op die statutêre liggaam.

c) Soos enige ander stelsel van markinmenging is dit uiteindelik deel van die politieke bestel en skep dit sodoende 'n versoeking tot politieke manipulasie.

d) Dit verpoel individuele markgeleenthede tot groepbelang en lei daardeur tot kruissubsidiëring.

e) Dit is 'n duidelik sigbare stelsel van staatsinmenging en ontlok daardeur heelwat ideologiese weerstand.

f) Die instandhouding van die stelsel is gevoelig vir die gaping tussen die binnelandse verkoopprys en netto-produsenteprys van die produk. Hoe groter die gaping is, of geag word om te wees, hoe groter is die insentief vir vertikale integrasie en ook onwettige direkte verkope.

In die praktiese bedryf van 'n eenkanaalstelsel moet hierdie voor- en nadele deeglik besef word en moet daar voortdurend gestreef word om die voordele maksimaal te benut en terselfdertyd die nadele te minimeer.

## Slotsom

Die Suid-Afrikaanse mielieprodusente is deurlopend besorg oor die doeltreffendheid van die stelsel waaronder hul mielies bemark word. Daarom word die stelsel gereeld in samewerking met die Mielieraad ontleed om die prestasie, bedrygings en moontlike (nodige) aanpassings te evalueer.

Die eenkanaalstelsel waaronder mielies in Suid-Afrika bemark word, is onlangs weer eens deur 'n spesiale taakgroep wat deur die Mielieraad saamgestel is, in diepte ontleed. In dié taakgroep het benewens produsente ook senior verteenwoordigers van die verwerkers en verbruikers van beide wit- en geelmielies en mielieprodukte gedien. Na sorgvuldige oorweging het die taakgroep eenparig besluit dat die eenkanaalstelsel die belange van sowel die produsente as verwerkers en verbruikers van mielies steeds die beste dien. Die taakgroep het aanbeveel dat die stelsel behou moet word, maar dat dit in sekere opsigte verder by moderne verwikkelinge aangepas moet word, soos byvoorbeeld om direkte transaksies tussen produsente en kopers op 'n steeds groter skaal moontlik te maak. Hierdie aanbevelings is onlangs deur die produsente tydens die NAMPO-kongres aanvaar.